*Donderdag* **4 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:1-16; NGB Art 22**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:12 (AFR53/83/2020)**

**Ons soek nie meer nie ... ons weet**

Die Nederlandse geloofsbelydenis Artikel 22: *"... Daar is dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, of dit is alles wel in Hom, en dan het hy wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid ..."* Die twee moontlikhede wat die Nederlandse Geloofsbelydenis aan ons voorhou, is soos twee paaie in die lewe. 'n Mens is óf op die een pad óf jy is op die ander pad. Die moontlikheid om op albei paaie te wees, is onmoontlik.

Op die eerste pad is daar mense wat altyd soekend is, en op verskeie maniere na iets of iemand soek om hulle volle saligheid te gee. Dit is 'n pad van die wêreld wat tot ewige verlorenheid lei. Die tweede pad is die pad van verlossing in Jesus Christus alleen, wat tot volle saligheid lei. 'n Pad wat vas en seker is en tot die volle saligheid lei.

Hoe weet ons op watter pad ons is? 1 Korintiërs 2:12: *"Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom. So weet ons wat God ons uit genade geskenk het."* Dit is deur die genade van God dat Hy ons deur die Heilige Gees die wete gegee het dat ons op die pad van verlossing is, die pad na volle saligheid. Ons kan met die opdraendes en afdraendes van die lewenspad hier weet dat ons die volle saligheid wat ons reeds in Jesus Christus besit sal ontvang.

Ons was verlore, maar die HERE het ons na Hom teruggebring. Ons leef met die verwagting dat Jesus Christus, wat ons reeds volkome verlos het van al ons sondes, ons aan die volle saligheid sal laat deel kry wanneer Hy weer kom. Ons soek nie meer na iets of iemand anders om ons salig te maak nie. Ons weet dat Jesus Christus alles is wat ons nodig het vir ons volle saligheid.

*Sing: Psalm 68-1:9*

*Ds. R (Riaan) Jansen van Vuuren (Lichtenburg)*